Preprimêre Skool Woel en Werskaf

INLIGTINGSTUK

Rocherstr. 24
BAILLIE PARK
2531

TEL. NR.: **072 049 9530**
E-POS: **admin@woel.co.za**
Webwerf: **www.woelenwerskaf.co.za**

INLIGTINGSSTUK

Baie welkom aan u as ouer in Woel en Werskaf se ouergemeenskap en baie welkom aan u kindjie as 'n kleuter van ons skool. Dit is ons, as personeel se wens en strewe dat u kind baie gelukkig hier sal wees en ons sal alles in ons vermoë doen om elke skooldag vir hulle aangenaam en genotvol te maak.

1. VISIE & MISSIE

VISIE

In die Preprimêre skool Woel en Werskaf word kleuters sinvol voorberei om as gebalanseerde volwassenes hulle roeping in Suid-Afrika uit te leef.

MISSIE

In die Preprimêre skool Woel en Werskaf:

* dien die Nasionale CAPS Kurrikulum as rigsnoer vir aktiwiteite;
* sal geen diskriminasie ten opsigte van gelowe, ras of geslag toegelaat word nie.
* is Afrikaans die medium waardeur groepsonderrig plaasvind en Afrikaans die medium waardeur individuele kommunikasie plaasvind;
* word daarna gestreef om aan alle kleuters geborgenheid te verskaf in ‘n beskermde, veilige omgewing; asook beleidsmedium
* word gestreef na hartlike samewerking tussen ouers, onderwysers en die gemeenskap;
* vind opvoedende onderrig op **informele** wyse plaas ooreenkomstig die vlak van die kleuter.

2. OPSOMMENDE TOELATINGS-, GODSDIENS- EN TAALBELEID

Ooreenkomstig die beleid van die skool, word kleuters toegelaat met die volgende voorwaardes:

* dat geen diskriminasie t.o.v. gelowe, ras of geslag toegelaat word nie.
* dat, ongeag geslag, taalvoorkeur of herkoms, alle leerders menswaardig behandel sal word;
* dat Afrikaans die onderrrig- en kommunikasiemedium is;
* leerders nie jonger as drie jaar of ouer as ses jaar geakkommodeer kan word nie - tensy met spesiale toestemming van die Beheerliggaam en Onderwys Departement;
* bereid is om hulle verpligtinge met betrekking tot onderriggelde na te kom;
* aanvaar dat die skool se gedragskode geldend is vir kleuters se gedrag, asook opvoeders en ouers se optrede binne die skool;
* bereid is om hartlik saam te werk in belang van die skool;
* aanvaar dat 30 kleuters per klas toegelaat sal word

('n Meer volledige Gedragskode, Toelatings-, Godsdiens-, Taalbeleid is op aanvraag in die kantoor beskikbaar).

.....2/

Ons versoek u om asb. op die volgende sake rakende ons skool te let:

3. TOELATING VAN NUWE KLEUTERS

Om aan elke nuweling persoonlik aandag te kan gee, en om die aanpassingsfase te vergemaklik, word die toelatingstydperk oor die eerste twee weke van die nuwe skooljaar, versprei. Neem dus asseblief noukeurig kennis van u kleuter se datum van toelating. Dit is in elke kleuter se belang dat hy/sy geleidelik arriveer en sodoende kans kry om ten volle in te skakel.

Let wel: Reël met u kleuter se onderwyseres 'n vaste tyd vir afhaal van u kleuter om sodoende u kleuter gerus te stel en 'n vaste roetine te kweek.

****** SLEGS KLEUTERS WAT REEDS TEN VOLLE TOILETGEREED IS SAL GEPLAAS WORD.***

4. ONDERRIGGELDE

U gaan 'n unieke **familie-kode** ontvang. Hierdie kode **MOET** gebruik word vir alle skoolverwante betalings. Indien u nié dié kode gebruik nie, kan ons die geld nie na die korrekte familie/gesin se rekening allokeer nie!

Skoolgeld en Nasorggeld betaalbaar sal in die eerste Omsendbrief van die jaar aan u deurgegee word. Skoolgeld en Nasorggeld word in 10 gelyke paaiement betaal vanaf 1 Februarie tot 1 November. U kan ook vooruit betaal.

U kan by die sekretaresse navraag doen in dié verband. **Indien u kleuter se skoolgeld agterstallig is, sal u kleuter as 'n reël nie die volgende kwartaal toegelaat word nie, maar behou die skool ook die reg voor om die ooreenkoms en skoolbywoning onmiddellik te kanselleer.**

Woel en Werskaf beskik oor 'n geen kontant beleid daarom word SLEGS Elektroniese betalings of direkte bankinbetalings aanvaar.

Neem asb kennis dat preprimêre onderrig NIE VERPLIGTE ONDERRIG is nie. Indien u dus nie u verpligtinge rakende skoolgeld nakom nie, behou ons die reg voor om u kind toegang tot onderrig te weier!

Ten spyte daarvan dat 'n Hof bepaal het dat 'n ander persoon die voorgeskrewe skoolgeld moet betaal, soos byvoorbeeld vervat kan wees in 'n egskeidings- en/of onderhoudsbevel en/of enige ander gepaste hofbevel, bly die ouers of voogde steeds gesamentlik en afsonderlik verantwoordelik vir betaling van die skoolgeld soos deur die skool bepaal.

5. KOSPAKKIES

Dit is uiters belangrik dat u kleuters soggens tuis 'n gebalanseerde ontbyt moet geniet.

Elke kleuter moet 'n gesonde kospakkie bring wat om 10 uur genuttig word.

Let Wel!: Ons het bepaalde riglyne beskikbaar vir die hierdie kospakkies. Geen lekkergoed of enige gaskoeldrank nie. (Sien riglyne vir gesonde kospakkie op laaste bladsy).

Nasorgkleuters moet 'n APARTE kospakkie bring wat om 13:00 genuttig sal word. (Maak asb. seker dat u hierdie riglyne ontvang).

Sorg asb. dat u kleuter se klasonderwyseres deeglik kennis dra van moontlike allergieë!!

6. VERJAARDAGPARTYTJIES BY DIE SKOOL:

Wanneer kleuters verjaar, mag hulle vir die maatjies in hulle groep koek/pizza of roomys saambring. Die hoeveelheid moet asb. beperk word tot bv. 'n groot pizza/koek wat in 30 stukkies gesny kan word **of** één kolwyntjie vir elke kleuter. Die kleuters eet éérs die gesonde verversings wat u skooltoe stuur, en daarna kry hulle die stukkie koek wat meer as voldoende is. Ons skool is baie gesteld op gesonde eetgewoontes en 'n oormaat eetgoed is 'n vermorsing. Reël asb. vooraf met die klasonderwyseres indien u kleuter verjaar. Soms verjaar kleuters op dieselfde dag.

..... 3/

7. SPEELGOED

Let asb. daarop dat u kleuter **GEEN** speelgoed mag saambring skool toe nie. Dit veroorsaak dikwels ‘n onaangenaamheid en ons kan nie waarborg of verantwoordelikheid aanvaar dat dit heel sal terug kom huis toe nie.

8. TEMAS

Elke week se bedrywighede word volgens 'n spesifieke tema aangebied.
'n Tema-uitstalling, wat groot besprekings uitlok en waaraan die kleuters ook 'n bydrae kan lewer, word in die klasse uitgestal.

Ons vra dat kleuters tuis aangemoedig sal word om gereeld artikels te bring wat aanpas by die tema om sodoende te help om ons tema-uitstalling uit te bou. Die artikels word op die tematafel gelaat en dan weer op Vrydae huis toe gestuur.

9. SKOOLBYWONING

Vir kleuters om werklik voordeel uit die opvoedkundige program te trek, word gereelde skoolbywoning streng aanbeveel. Volgens die handleiding vir preprimêre onderwys behoort 'n kleuter wat die skool nie gereeld bywoon nie, uitgesluit te word om wel 'n ander kleuter wat die skool moontlik gereeld sou bywoon, nie dié voorreg te ontneem nie.

Stel die skool asb. dadelik in kennis (telefonies of per e-pos) indien u kind siek is, **veral as dit 'n aansteeklike siekte is** of die skool om een of ander rede nie kan bywoon nie. Wanneer u die skool verlaat, is dit baie belangrik om u kleuter se plek amptelik te kanselleer. **Let daarop dat u verantwoordelik gehou word vir die betaling van die skoolgeld/nasorggeld solank u kind op ons register is, ongeag van u kleuter se afwesigheid.**

10. KLERE

Ouers moet asb. nie vir die kinders hul beste klere aantrek nie. Alle kleuters moet asb. altyd 'n ekstra stelletjie klere en onderklere in hulle tassies hê. Ongelukkies, soos nat word as hande gewas word, verf wat daarop val of selfs glipsies is moontlik. Merk asb. alle klere, skoene (wat aan- en uitgetrek kan word) ens. Kleuters kan kaalvoet skooltoe kom. Daar is ‘n mandjie waarin verlore klere geplaas word, u kan by die kantoor navraag doen as 'n kledingstuk verlore raak. Maandae kan kleuters hulle navy Woeliehempies aantrek. Dié hempies is in die kantoor beskikbaar.

11. SKOOLURE

Aankomstyd vir alle groepe is vanaf **07:00 - 08:00**. Ouers kan kinders **vanaf 12:30 - 13:30** kom haal. 'n Onderwyseres op vroeë- en laatdiens sal soggens om 07:00 by die skool wees en die middae tot 13:30 of 13:45 indien nodig. Moet asseblief nie u kleuter **voor 07:00** soggens alleen voor die hek laat nie. Die onderwyseres op vroeë diens sal stiptelik om 07:00 die hek oopsluit. *Die hek **sluit 08:00.** **Wees ASB betyds.** **Die hek maak stiptelik om 12:30 oop.** **Moet asb. nie voor die tyd die klokkie druk nie.***

Ons doen 'n dringende beroep op u, om asb. by bogenoemde tye te hou, omdat dit die algemene roetine en dissipline in die skool baie vergemaklik. Kleuters moet deur hul ouers by die skool besorg en afgehaal word. Ter wille van u kleuter se veiligheid en as deel van ons noodplan, moet u ons te alle tye laat weet indien 'n ander persoon (as oorspronklik gereël) u kleuter by die skool kom haal. Hierdie reëling moet skriftelik gedoen word en aan die klasonderwyseres gegee word.

..... 4/

Reël asb. ook vooraf indien u weens onvermydelike omstandighede u kleuter buite vertrektye by die skool moet kom haal. (Dit word net in uitsonderlike gevalle toegelaat). Ons versoek u vriendelik om asb. alle afsprake, swemlesse ens. vir die namiddag te reël.
Let wel: Wees asb. altyd betyds soos met u kleuter afgespreek. Indien u laat kom, sal u kleuter vrees dat u hom vergeet het en dit laat hom/haar baie onveilig voel!

12. AANKOMS

Die hek maak stiptelik om **07:00** oop. Die persoon wat by die hek aan diens is kan u kleuter ontvang of u kan u kleuter by die klas gaan afgee. U beweeg slegs tot by die klas se deur. Geen ouer in die klas nie asb. Gee u kleuter af en vertrek dadelik. Die juffrou kan nie dan enige onnodige gesprekke voer nie aangesien sy ‘n klas vol kleuters het om aan aandag te gee.

13. VERTREKTYE

U kleuter moet deur 'n volwasse persoon gehaal word. **Kleuters sal nie saam met boeties of sussies kan huis toe gaan nie** - en beslis ook nie met fietse, indien nie onder volwasse toesig nie. Die hek word stiptelik **12:30** oopgemaak. **Moet asb. nie vroeër kom nie**, dit is storietyd en die klassie word ontwrig indien u vroeër kom.

14. PARKERING VOOR DIE SKOOL

Ter wille van u kleuter se veiligheid, wil ons 'n baie dringende beroep doen om t.o.v. die volgende saam te werk:

***NB**!! NADAT* die personeel agter die pallisade geparkeer het, is u welkom om direk agter hulle voertuie op die parkeerarea stil te hou!! Slaan asb. ag op die aangeduide voetgangerspasie tussen u motor en die pallisade sodat die kleuters en hulle ouers tussen in kan deurstap - wat vir hulle baie veiliger is as om agter die vertrekkende motors te moet stap.

Indien die plek dit toelaat, kan u probeer om liewer aan die skool se kant van die straat te parkeer sodat die kleuters nie die straat onnodig moet oorsteek nie! **Moet asseblief NIE u kleuter alleen oor die pad stuur nie!!**
Maak asseblief van die voetoorgang gebruik!

U samewerking in dié verband word baie waardeer!

15. VERANDERING VAN KONTAKBESONDERHEDE:

Ons doen ook 'n beroep op u om enige adresverandering of verandering van telefoonnommers dadelik by ons te kom aanmeld anders kan ons u nie gedurende skoolure opspoor nie. Ouers is verantwoordelik om seker te maak dat kontakbesonderhede ten alle tye op datum is – die skool in kennis te stel van veranderinge van kontakbesonderhede.

16. TASSIES

Elke kind moet asb. 'n skooltassie hê wat hy/sy ELKE DAG saambring. Die skooltassie moet duidelik bo-op gemerk wees met die kind se naam en van. Skooltasse word gebruik om prentjies, omsendbriewe asook skoene, baadjies, kosblikke en truie in te pak.
Wenk: Die ideale tassie is ± 30cm x 40cm groot sodat ‘n A4 bladsy kan inpas. ‘n Ekstra lap inkopiesakkies in die tas is ideaal om klere wat uitgetrek word in te bêre, bv. ‘n trui of baadjie. **(Merk asseblief alles).**

..... 5/

17. UITSTAPPIES

Daar word elke kwartaal ongeveer 1 uitstappie onderneem. Ons stuur 'n vrywaringsvorm wat u moet voltooi en terugstuur indien u kind uitstappies mag meemaak. Vir elke nuwe uitstappie word weer spesiale toestemming vereis - daarsonder kan u kleuter ongelukkig nie die uitstappie meemaak nie!

Kinders moet asb. vir uitstappies hulle eie kospakkies van die huis af bring, (tensy anders gereël.) Verpak asb. dié verversings in papier- / plastieksakkie wat ons kan weggooi nadat die verversings geniet is. Die kospakkies moet net genoeg wees vir u kind om op te eet. Verkieslik water! **NIE** powerade/gaskoeldrank nie. Drinkgoedjies is altyd belangrik!!

Sien kospakkie riglyne in dié verband asb. Na afloop van ‘n uitstappie word die nuutste foto’s op ons webwerf geplaas! Besoek ons webwerf op ‘n gereelde basis!

18. KOMMUNIKASIE

Ons kommunikasie met u gedurende die jaar geskied slegs deur middel van Whatsapp en/of e-pos. Omsendskrywes en alle korrespondensie sal hierdeur geskied. Slegs in geval van ‘n uitstappie sal u ‘n afskeurstrokie ontvang wat voltooi moet word en teruggestuur word skooltoe alvorens u kleuter op die uitstappie sal kan gaan (sien punt 17).

Lees asb. alle Omsendbriewe **aandagtig** deur om sodoende op hoogte van alle reëlings te bly. Stoor dit iewers. Sodoende kan u altyd weer belangrike inligting gaan oplees. Sien Punt 15 rakende die verandering van kontakbesonderhede. Kommunikasie word slegs aan biologiese ouers/voogde gestuur en nie aan oppassers, grootouers ens. nie.

19. ASSESSERINGSVERSLAE

U kleuter ontvang elke kwartaal ‘n assesseringsverslag. In die eerste kwartaal ontvang die junior- en middelgroep slegs ‘n aanpassingsverslag.

Indien nodig word ‘n individuele onderhoud ook met ouers ten opsigte van die kleuter se vordering tydens die uitdeel van die verslae gehou. Ouers is welkom om ‘n afspraak met die klasonderwyseres te reël om assesseringsverlae te bespreek.

Stuur asb. die getekende verslae / koevert ELKE kwartaal terug. Die Vierde Kwartaal kan koeverte gehou word.

20. NOODPLAN / VEILIGHEID

Ons skool beskik oor 'n noodplan wat van tyd tot tyd prakties geoefen word. Die hele aangeleentheid word as 'n "speletjie" aan die kleuters oorgedra, sodat geen kleuter nodig het om daarvoor te skrik of daarvoor bang te wees nie. U kleuter se veiligheid en gebondenheid is ons hoogste prioriteit!!!
Trek die hek op knip en sorg dat die hek behoorlik sluit wanneer u buite aankoms- of vertrektye die skoolterrein binnekom of verlaat. Die hek moet te alle tye gesluit wees terwille van ons kleuters se veiligheid.

21. KUIERMAATJIES

Dit word in uitsonderlike gevalle toegelaat. 'n Ander kleuter ouer as 3 jaar, mag vir 'n dag teen 'n minimale tarief kom kuier. U moet toestemming van die hoof verkry en 'n Dagbesoekervorm invul.

.....6/

22. ADDISIONELE DIENSTE (U sal elektroniese advertensies van onderstaande aktiwiteite ontvang)

(a) NASORGSENTRUM en VAKANSIEPROGRAM:
Ons skool beskik ook oor 'n Nasorgsentrum wat namiddae en vakansies deur bekwame personeel behartig word slegs vir Woelie kleuters. Ouers is ook welkom om per geleentheid van dié diens gebruik te maak. Vir meer besonderhede skakel mev. Chrisna Coetzee: 067 431 7361

(b) TROMPOPPIES:
Dit is die alleen voorreg van Gr.R dogtertjies om hieraan deel te neem. Dit word deur twee personeellede van die skool aangebied. Meer besonderhede word later aan die betrokke ouers uitgestuur.

(c) REKENAARKLASSE Stimulus Maksima.
Skakel vir Mev. Letitia Els by 082 377 7728 vir meer inligting.

(d) KRIEKET
Krieket afrigting word weekliks tydens vertrektye vir ons seuntjies aangebied deur Baillie Krieket. Vir meer inligting skakel Mnr. Jaco Vermaak by 067 415 7996

(e) MUSIEK
Kiddi Beat musieklessies in klein groepsverband word eenmaal per week tydens vertrektyd aangebied. Vir meer inligting kontak Mev. Grethe Uren by 084 513 5098

(f) RITMIESE GIMNASTIEK
Ritmiese gimnastiek word weekliks tydens vertrektye aangebied. Vir meer inligting kontak Mev. Ninette Thiart by 072 409 6779

(g) HOKKIE
Hokkie word weekliks aangebied deur Claudio Lucas FSA Hokkie. Claudio kan gekontak word by 079 279 1288 vir meer inligting

(h) CAT - DANS
Dansklassie word weekliks aangebied deur Mev. Caréne Groenewald. Kontak haar by 082 496 8419 vir meer inligting

(i) FITKIDZ
Fitkidz word weekliks aangebied deur Mev. Nadia Botes. Sy kan gekontak word by 082 802 1143

(k) TENNIS
Tennis word weekliks aangebied deur Riaan Venter Tenniskakdemie. Kontak vir Mej. Aleonor van Rijswyk by 082 557 2003

(l) EKSPERIMAATJIES (SLEGS GR. R KLEUTERS)
Dit word aangebied deur Tanja Price. Kontak haar by 083 301 9103

(m) SPRAAKTERAPEUT
Elke Woensdagoggend tydens oggendure, besoek 'n spraakterapeut ons skool om kleuters met taaluitbreiding en ouditiewe persepsie ens. te help. Skakel Mev. Marianna Geel by 082 825 5651 vir meer inligting.

(n) ARBEIDSTERAPEUT
'n Arbeidsterapeut besoek ons skool weekliks op Dinsdae. Gesels gerus met u kleuter se klasonderwyseres hieroor, of skakel Mev. Riana van Romburg by 018-2933887 of 082 855 5535

Byvoorbaat dank vir u mooi gesindheid en samewerking

HOOF EN PERSONEEL PREPRIMêRE SKOOL WOEL EN WERSKAF

WENKE AAN OUERS T.O.V. AANPASSING AAN DIE BEGIN VAN DIE JAAR

LEES DIE VOLGENDE ASSEBLIEF SORGVULDIG DEUR EN PAS DIT TOE ASB.

Hier volg 'n paar goue wenke wat u as ouers kan volg om die afskeid in die oggende asook algemene aanpassings so glad as moontlik te laat verloop – sonder 'n emosionele tweestryd!

* Motiveer u kind vooraf, praat positief t.o.v. die onderwyseres, skool, maats asook speelgoed en speelterrein – (veral ook tydens 'n naweek). Moenie u kleuter met die skool dreig nie!

* Bring u kleuter elke dag skool toe – totdat die aanvanklike aanpassing verby is. **Moenie a.g.v. 'n huilery u kleuter tuis hou nie**. Hulle leer gou om hierdie situasie uit te buit.

* Werk saam met die onderwyseres sodat u kleuter so vinnig as moontlik aanpas en die Kleuterskool kan geniet!

* Wanneer u uit die motor klim, neem u kleuter aan die hand en laat hulle **stap** – indien u u kleuter op die heup het en die onderwyseres moet die kleuter neem, ervaar u sowel as u kind 'n afskeuring wat onnodig is.

* Verseker u kind dat u hom/haar sal kom haal. Gee 'n konkrete tyd wat u kind kan verstaan, bv. net na ete, na buitespel, na storie of na slapenstyd, ens. Reël dié tyd in samewerking met die onderwyseres.

* **GROET EN LOOP!!** Dit mag wreed klink, veral as u kind begin huil, maar hoe langer u in die klas vertoef, hoe erger word die afskeid: dit word nie beter nie!!

* Indien u te lank vertoef en u kleuter meer huil, ontstel dit later die ander kleuters wat goed aangepas het en voel hulle later ook effe onseker!

* Die onderwyseres handhaaf gesag in die klas. Moenie dat u kleuter hierdie situasie uitbuit sodra u as ouer by is nie.

* Reël met die onderwyseres wanneer u, u kleuter kom haal sodat die dag nie te lank word nie. Na 'n paar dae kan u kleuter die volle dagprogram bywoon – anders word die aanpassingsproses ook te veel uitgerek. (Onthou asseblief dat spesiale omstandighede altyd in ag geneem sal word).

* **Hou u kleuter se hand vas tot by u motor. Rocherstraat is baie besig en ons wil verhoed dat kleuters eenvoudig by die hek uitstorm sonder ouerbegeleiding.**

* Albei ouers moet dieselfde standpunt inneem, bv. by die aflaai van die kleuter. Sodat u kleuter nie een ouer teenoor die ander afspeel nie.

* Moet asseblief nie beloftes aan u kleuter maak wat u nie kan nakom nie. Pasop vir omkoop met lekkergoed, speelgoed ens.

* Reël so spoedig moontlik speel geleenthede met ‘n maatjie na skoolure wanneer u kleuter sukkel om aan te pas.

* Kry u kleuter betyds in 'n roetine wat slaap- en opstaantye betref, dit sal verhoed dat u kleuter moeg skooltoe kom, en dit gee aan hulle sekuriteit.

* Kleuters moet asseblief nie later as 19:30 saans gaan slaap nie.